

DIE HERKOMS VAN ELSJE GERRITS

MOEDER VAN DIE ELS-STAMMOEDER, ANNA MARIA PIETERSE

Charlie Els

Pretoria

Maart 2012

Volgens Dr J. Hoge in "*Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806*" was **Johannes Martin Els**, die stamvader van die Els-familie in Suid-Afrika, se vrou, **Anna Maria Pieterse**, die buite-egtelike dogter van **Willem Hendrikse** en **Elsje Gerrits**¹. Hierdie ouerpaar laat Anna Maria doop in Stellenbosch op 17 Desember 1747².

Anna Maria Pieterse dra die familienaam van haar stiefvader, **Johannes (Jantje) Pietersen/Peters**, met wie haar moeder in ongeveer 1752 trou en in wie se huis sy dus waarskynlik grootgeword het vanaf ongeveer vyfjarige ouderdom (indien nie vroeër nie want, soos later sal blyk, het die ouerpaar reeds 'n buite-egtelike seun gehad voor hulle troue).

Die herkoms van Elsje Gerrits was onbekend. Volgens J. A. Heese in "*Die Herkoms van die Afrikaner, 1971*" kon sy van "nie-blanke" herkoms wees³. Heese blyk wel onseker hieroor te wees en sit 'n "?" na sy eie bewering dat die Els stamouers se nageslag "½ Duits (van vaderskant) + ¼ Nederlands+ ¼ Nie-Blank" (van moederskant) is. Hiervolgens moet Anna Maria dus van moederskant van 'n Nederlandse vader en 'n "Nie-blanke" moeder afstam.

Net soos haar dogter, Anna Maria, wat as "*Anna Maria Pieterse van Cabo de Goede Hoop*" by haar huwelik met stamvader Johannes Martin Els op 8 Mei 1763 aangeteken word⁴, word daar ook, byvoorbeeld, in "*Suid-Afrikaanse Geslagregisters*" (SAG) van Heese en Lombard na Elsje verwys as "Elsje Gerrits van die Kaap"⁵ wat op 'n nie-Europese herkoms mag dui.

In die publikasie "*Groep Sonder Grense*", 1984 van Prof. H. F. Heese en in 'n artikel in "*Die Vaderland*" van 23 October 1985, na verskyning van die publikasie, noem hy "Els" as een van die Suid-Afrikaanse vanne met 'n "Euro-Indiese" (moontlike Oosterse slawe) verbintenis.

Anna Maria Pieterse se vader, Willem Hendrikse, se herkoms is ook nie bekend nie. Uit bogenoemde stelling van J. A. Heese in "*Die Herkoms van die Afrikaner, 1971*" kan afgelei word dat hy waarskynlik 'n Nederlander kon gewees het.

Elsje Gerrits kon dalk 'n onaangetekende dogter van **Hermanus Gerrits** en **Anna Maria Brits** wees (Let daarop dat Elsje Gerrits haar dogter "Anna Maria" noem. Sy het haar miskien na haar moeder, die kind se ouma, vernoem). Die ouers van Hermanus was **Gerrit van Oldenburg** en **Susanna van Bambaser**, die vrygestelde slaaf van Anthony van Angola. Dit sou die beweerde slawe-verbintenis in Elsje Gerrits se herkoms verklaar. So 'n verbintenis kon egter nie bevestig word nie. Elsje word, intedeel, nie as 'n dogter van Hermanus Gerrits en Anna Maria Brits genoem in 'n studie deur die gerespekteerde navorser, Margaret Cairns, in 'n artikel:

“Gerrit Gerrits of Oldenburg and Susanna of Bambaser. An Early 18th century couple” nie (Familia Vol. XVII 1980 no. 3/4).

As daar vanaf Elsje Gerrits af na 'n ander Gerrits, naamlik **Caspar Gerrits** van Nijmegen, Nederland terug gekyk word, kan haar herkoms moontlik soos volg uitgelê word, beginnende by die vrygestelde slaaf, Catharina van Malabar:

Catharina van Malabar

Daar kan afgelei word dat Catharina van Malabar waarskynlik afkomstig is van Malabar⁶, die suid-wes kus van Indië, omrede daar meestal na haar plek van oorsprong verwys word as “van Malabar/Malabaar”. In gevalle word egter ook na haar verwys as “van Bengale” (Nou Bangladesh, noordooste van Indië) en selfs “van Cormandel”⁷ (Coromandel is die suid-oostelike kusgebied van Indië).

By die dope van haar en haar man, Cornelis Claasen (Kees de Boer) se kinders word sy soos volg aangegee:

- Claas op 8/2/1673 : “Cornelis Claasz en **Catryn van Bengale**”
- Cornelia op 18/11/1674 : “Cornelis Claasz en **Catharina van Malabar** gedoopte swartinne”
- Aaltje (Alida) op 15/3/1676 : “Cornelis Claasz van Utrecht en **Catharina van Malabar**”
- Maria op 23/10/1678 : “Cornelis Claassen en **Catrina Mallabaar**”
- Barent (Barend) op 29/9/1679 : ” Cornelis Claassen en **Catharina Mallabaar**”
- Hendrick op 26/12/1681 : “Cornelis Claassen en **Catrina van die Kust Cormandel**”
- Catharina op 5/11/1684 : “Kees de Boer en **Catharina**”

In 'n boek oor die Claassen Familie⁸ is daar twee voetnotas wat van haar sê:

“She was also referred to as *van Coromandel* and *van Bengale*, a good example of the interchangeability of provenances ascribed to slaves”;

en

“She is not to be confused with *Catrijn from the Coromandel Coast* sold on 9 April 1669 by Jacob Borghorst whom J. Coon paid for on behalf of Rijkloff Goens Jr.”

Waar na haar verwys word as “Catharina van Bengale” moet sy ook nie verwar word met Catharina van Bengale by wie die Snyman stamvader, Hans Christoffel Snijder, sy seun Christoffel Snyman, die voorvader van al die Snymans in SA, verwek het nie. Laasgenoemde Catharina is ook bekend as Catharina van Palliacatta.

Volgens genoemde Claassen-boek is sy op die weskus van Indië gebore in 1637 en per skip van die kus van Malabar af na Batavia (nou Jakarta, Indonesië, suid-wes kus van Java) verskeep waar sy die privaat slaaf geword het van die weduwee Maria Verburgh (gebore Maria de Bucquoij), die dogter van Maria aux Brebis (Auxbrebis) (c.1600-1666). Laasgenoemde se tweede huwelik was met Zacharias Wagenaer; hy

was dus Maria Verburgh se stiefpa. Hy word die tweede kommandeur aan die Kaap (vanaf 6/5/1662 tot 27/9/1666), opvolger van Jan van Riebeeck.

Voordat Wagenaer op 1 Oktober 1666 die Kaap verlaat het hy en Maria Verburgh/de Bucquoj hulle slawe verkoop.⁹ Wagenaer se opvolger, Cornelis van Quaelberg, die derde kommandeur aan die Kaap (vanaf 27/9/1666 tot 18/6/1668), koop Catharina op 30/9/1666¹⁰. Sy vrou was Judith van den Boogaerde. Tydens hulle termyn aan die Kaap word Catharina se kind, Arriaantje van Cathryn (ook genoem Arriaantje Gabriels), gedoop, naamlik op 13/11/1667. Die doopinskrywing lees:

1667: "*dito (13 November) een slaevinne kindt van den E. H. Command: Quaebergen, wiert genaemt adriaentje de moeder Catharijn tot getuygen stont in persoon van de Juffr. Quaelbergen haer slaevinnen.*"¹¹

Cornelis van Quaelbergen se sending na die Kaap was van korte duur; slegs twee jaar. Hy is ontslaan en teruggeroep na Batavia om sy ongeoorloofde handeling met die Franse in Saldanha te verduidelik. Hy en sy gesin verlaat die Kaap op 11/8/1668.

Op hierdie stadium, toe haar meesteres Judith van den Boogaerde, die Kaap verlaat, het Catharina waarskynlik reeds 'n verhouding gehad met Cornelis Claassen (Kees de Boer) van Utrecht, Nederland, die opsigter van die Kompanjie-skuur in Kaapstad, met wie sy later trou.

Catharina word 'n "Gedoopte Swartinne" toe sy as volwassene gedoop word op 29/10/1673. Sy word in dieselfde jaar vrygestel en trou op 15/3/1676 met Cornelis Claassen. Na sy dood trou sy op 31/7/1688 met Andreas Voormeester van Quedlinburg, Duitsland.

Soos dikwels die geval is met slaaf-name, was daar aan die Kaap verskeie slawe genaamd Catharina van Malabar. Tussen 1686 en 1729 word 'n paar transaksies aangeteken waar slawe met die naam, Catharina van Malabar, verkoop word.¹² Geeneen van hulle kan egter die Catharina van Malabar wees wat getrou het met Cornelis Claassen nie want sy was reeds vrygestel en getroud met Cornelis in 1676, dit wil sê, lank voor die genoemde transaksies plaasgevind het.

Catharina van Malabar het, onder andere, as pleegmoeder opgetree vir die verwaarloosde kinders van die vryburger Jan Cornelisz (Jan Bombam) van Oud-Beijerland, Nederland en sy eerste vrou Catharina Hermansz van Rhenen, Nederland, na hulle moeder se dood.


Arriaantje/Adriana van Cathryn/Gabriels(e)

Catharina van Malabar se dogter, Adriaentje, bekend as Arriaantje van Cathryn, ook genoem Arriaantje Gabriels, is gedoop op 13 November 1667. Die biologiese vader was Korporaal Gabriel Joosten Cornet, wat as boekbinder opgetree het vir die Kompanjie.¹³ Hy was reeds op 8 April 1663 getuie by die doop van 'n vorige kind van Catharina, genaamd Louwijs (hy en 'n kolega, Korporaal Denijs Otto tree op as getuies).¹⁴ Dis moontlik dat hy ook die vader van dié kind was maar hy het skaars 8 maande tevore (in Augustus 1662) met die skip "Hof van Zeelandt" in die Kaap geland.

Die bewering dat dié Gabriel 'n Vry Swarte van Samboua was (bv. op die Jansen Familie-webwerf¹⁵) is baseer op die foutiewe aanname dat Catharina van Malabar en Catharina van die Kaap, wat wel getroud was met 'n Gabriel van Samboua, dieselfde persoon is. Dit kan egter nie wees nie; Gabriel en Catharina van die Kaap het drie kinders gedoop in 1744¹⁶ en Catharina van die Kaap is dus waarskynlik in die vroeë 1700's gebore. Catharina van Malabar, daarenteen, is getroud met Cornelis Claassen in 1676 en was dus waarskynlik in die middel 1600's gebore.

Arriaantje het in die laat 1670's/begin 1680's twee buite-egtelike kinders Elsje en Geertruyd, van Hendrik Speldenberg (Spelenbergh) van Nijmegen, Gelderland, Nederland. Op 9/7/1683 trou sy met Pieter Gerrits Boshouwer van Scherpenzeel, Nederland en later, op 12/2/1701, met Coert Helm van Gehlenbeck in Wesfale, Duitsland.

Nog 'n bewering in sekere bronne¹⁷ dat Arriaantje se naam eintlik "Adriana Gaweidt" is, is waarskynlik afkomstig uit die volgende opmerking van J. A. Heese onder die opskrif: "*'n Paar Aantekeninge by die Kwartierstaat van Paul Kruger*" in Familia Vol VI, no. 1 van 1969: "*Elsje Spenberg is op 26.11.1679 te Kaapstad gedoop as die dogter van Hendrik Spenberg en Adriana Gaweidt?*" (Let op sy eie vraagteken na die naam). Dit is 'n die foutiewe interpretasie van die handskrif by die doop-inskrywing in die Kaapse doopregister V603 van 26/11/1679 van Arriaantje en Hendrik Speldenberg se dogter, Elsje (daar aangeteken as "Elsie"). Die moeder se naam is geskryf "Adriana Gaweriel", wat verkeerd gelees was as "Adriana Gaweidt" (kyk foto-uittreksel met vergroting uit die Kaapse doopboek hieronder):



Persone genaamd Gabriel word dikwels aangespreek as Gawerjal of Gawrial.

Na Catharina se huwelik met Cornelis Claassen word Arriaantje, vanaf ongeveer 9-jarige ouderdom, waarskynlik groot in die huis van haar stiefpa, Cornelis Claassen en gevolglik word sy ook soms Arriaantje Claassen genoem. In die Kerkregister van die Kaapse Gemeente, by haar troue met Pieter Gerrits Boshouwer van Scherpenzeel, Nederland (Pieter Gerritsz) op 4 July 1683 word die verhouding tussen Cornelis Claassen (Kees de Boer) en Arriaantje duidelik gestel:

Kaapse Argief, VC 603, dope, bl. 83, 1683:

eodem dito den 4. Julij: Pieter Gerritsz, Jonghman, vryburgh en Aedriantie stiefdogter van Kees de boer.

Elsie Speldenberg/Gerrits/Pijl

Volgens Suid-Afrikaanse Geslagregisters was die twee buite-egtelike kinders wat Adriana Gabrielse met Hendrik Speldenberg gehad het:

b1 Elsje gedoop 26/11/1679, trou op 3/5/1693 Casper Gerrits; en
b2 Geertruyd, trou op 25/2/1740 Cornelis Coetzee¹⁸

Net soos haar moeder, Catharina van Malabar, moes Arriaantje Gabriels laat gedoop gewees het en kon sy dus heelwat vroeër as die jaar van haar doop, 1667, gebore gewees het want anders het sy haar eerste kind, Elsje, gehad en gedoop toe sy maar 12 jaar oud was. Dit is darem onwaarskynlik, so dit moet aanvaar word dat sy 'n jaar of wat voor 1667 gebore is, waarskynlik in die tyd toe haar moeder aan Zacharias Wagenaer behoort het.

Haar dogter Elsje moes ook óf laat gedoop gewees het (slegs 13 ½ jaar voor haar troue met Caspar Gerrits) óf sy is so vroeg as op 13½ jarige ouderdom getroud. Sy kon egter nie te lank voor haar doop gebore gewees het nie want anders vererger dit die probleem van haar moeder se oënskynlike buitengewone jong moederskap. Elsje moes dus werklik jonk gewees het toe sy getroud is.

Arriaantje kon, byvoorbeeld, ongeveer 1664 gebore gewees het, eers 3 jaar later, in 1667, gedoop gewees het en op 14-jarige ouderdom, in 1678, haar eerste kind, Elsje Speldenberg, gehad het wat die volgende jaar in 1679 gedoop is en dan, op 15 jarige ouderdom, in 1693, getrou het met Caspar Gerrits. Dis haalbaar.

As SAG korrek was het haar beweerde suster, Geertruyd, daarenteen óf laat getrou (47 jaar na Elsje) óf sy was baie ouer as Elsje. Verder meld SAG dat Geertruyd Speldenberg, wat getroud was met Cornelis Coetzee, ook genoem was Geertruyd Gerrits. Indien so moes sy gebore gewees het tussen 1679/80, ongeveer 'n jaar na haar ouer suster, Elsje, se geboorte en voor 1682 toe haar pa, Hendrik Speldenberg, oorlede is. Soos gemeld, is haar ma, Arriaantje, in 1683 met Pieter Gerrits Boshouwer getroud. Hy is ook Pieter Gerrits genoem en hy sou Geertruyd se stiefpa gewees het; vandaar het die opstellers van SAG seker aanvaar dat sy ook Geertruyd Gerrits genoem was.

Die feit is, die bogenoemde Geertruyd Gerrits wat met Cornelis Coetzee getroud is, is nie Elsje Speldenberg se suster nie maar haar dogter, gedoop 5/8/1703; dus nie 'n kind nie maar en 'n kleinkind van Hendrik Speldenberg. Haar pa was Caspar Gerrits van Nijmegen, Nederland; so sy is tereg, Geertruyd "Gerrits". Dit verklaar die groot verskil in datums tussen haar en haar "suster" Elsje Speldenberg (wat eintlik haar ma is) in SAG Vol. 12 bl. 31. Die inligting is wel reg in die Coetzee-register in SAG Vol 1 bl. 618.

Geertruyd Gerrits se man, Cornelis Coetzee, is gedoop op 13/2/1692.¹⁹ Hy is dus waarskynlik gebore in 1691. Toe hy op 26/2/1740 trou met Geertruyd Gerrits was hy al 48 jaar oud en sy 37. Hy was 58 toe hy weer op 15/12/1750 trou met Aletta Lubbe, gedoop 24/6/1731. Sy was toe maar ongeveer 20.

Cornelis en Geertruyd se eerste 6 kinders word almal gedoop in 1741. Tensy daar twee-(of meer)linge onder hulle was, was een of meer van hulle beslis voor die huwelik gebore en het die ouers waarskynlik heelwat vroeër as hulle troudatum saamgewoon en kinders verwek. Hulle het dus eers later getrou.

Bogenoemde verwarring van Geertruyd Speldenberg (Gerrits) (1^e geslag) met haar suster se dogter Geertruyd Gerrits (2^{de} geslag) kan moontlik ook voorkom tussen Elsje Speldenberg (Gerrits) (1^e geslag) en haar dogter Elsje Gerrits (2^{de} geslag). Alhoewel Geertruyd Gerrits (2^{de} geslag) sover bekend nie 'n suster "Elsje Gerrits" gehad het nie kon haar suster Anna Elizabeth Gerrits vir kort "Elsje Gerrits" genoem gewees het. Tewens, as die gebruiklike naamgee-patroon gevolg was, moes Anna Elizabeth Gerrits (die tweede dogter) na haar moeder Elsje Speldenberg (Gerrits) vernoem gewees het en was albei se volle name moontlik "Anna Elizabeth" met noemname "Elsje Gerrits"

Anna Elizabeth Gerrits & Elsje Gerrits / Heinrich Weyers/ & Willem Hendrikse

Elsje Speldenberg word ook Elsje Pijl (Pyl) genoem. Toe sy op 3/5/1693 te Kaapstad met Casper Gerrits trou word sy as Elsie Pyl aangeteken. Hoekom is nie duidelik nie, tensy die inskrywing bloot foutief was, soos soms gebeur het.

Daar is wel 'n familieverband tussen die Speldenbergs en Abraham Bastiaanz Pijl van Zonnemaire, Nederland wat in 1670 in die Kaap aangekom het. Abraham was getroud met Cornelia Cornelisse, die dogter van Cornelis Claassen (Kees de Boer) en Catharina van Malabar. Cornelia was dus die stiefsuster van Arriaantje Gabriels, die moeder van Elsje Speldenberg. Dalk het Elsje 'n noue verbintenis gehad met die gesin van haar (stief) oom Abraham Pijl na die dood van haar pa in 1682 toe sy maar ongeveer 3 jaar oud was en haar ma die volgende jaar met Pieter Gerrits Boshouer getroud is.

Elsje Speldenberg en Casper Gerrits het elf kinders gehad. Die derde kind, Anna Elizabeth Gerrits, gedoop 18/10/1699, trou op 1/5/1718 met Heinrich Weijers/ Hendrik Weyers, gedoop 1/1/1700 van Epe, Nederland of Duitsland. Daar is 'n dorp Epe in Duitsland en 'n Epe sowel as 'n Epen in Nederland. Anna Elizabeth Gerrits het ook bekend gestaan as Elsje Gertsen/Gerrits. Sy trou 'n tweede maal op 15/11/1739 met Nicolaas (Claas) Leckerwijn.

Kan Anna Elizabeth Gerrits, gedoop 18/10/1699, dogter van Caspar Gerrits, getroud op 1/5/1718 met Heinrich Weyers en op 15/11/1739 met Claas Leckerwijn, die Elsje Gerrits wees wat kinders gehad het van Hermanus Pietersen, toe van Willem Hendrikse en daarna getroud is met Jantje Peters? Dan was sy met vyf mans betrokke, tensy Heinrich Weyers dieselfde persoon is as Willem Hendrikse; dan was sy met vier betrokke.

Volgens Hoge²⁰ was Heinrich Weyers ook genoem Hendrik Weyer, dus die naam Hendrik in plaas van Heinrich en die van Weyer inplaas van Weyers. (L.W. Hoge skryf beide name in die formaat “van, naam” d.w.s. “Weyers, Heinrich” en “Weyer, Hendriks”. Laasgenoemde kan dus nie noodwendig gelees word as “Weyer Hendriks” nie).

By sy troue en by die doop van meeste van sy kinders word hy egter wel Weijer Hendriksz genoem. (LW, nie Willem Hendrikse soos soms beweer word nie). Die inskrywing by sy troue lees:

Stellenbosch, VC 639, bl. 11:

1718, 1e Majj, Wyer Hendrikz van Epem jongm. met Anna Elisabeth Gerritsdogter.

Sy dogters Johanna en Adriana het wel die agternaam Weijers (Wyers) wat 'n patroniem kan wees.

In ouer genealogies rekords was dit altyd beskou dat Heinrich van Duitsland afkomstig is en nie van Nederland soos, byvoorbeeld, tans in SAG, bl. 256 gestel word nie. Die naam Heinrich is bepaald Duits, nie Nederlands nie. As sy familienaam wel “Weyer” was, is hy beslis Duits (Die Nederlandse van is eerder “Weyers”) maar as hy Weyer Hendriksz was, was hy sekerlik 'n Nederlander.

Volgens Hoge sterf Heinrich Weyers/Weyer Hendriks op 5 Augustus 1725. Hy en Anna Elizabeth Gerrits se vier kinders is gebore tussen 1719 en 1726. So, sy was waarskynlik swanger aan die laaste kind toe haar man dood is. Sy was maar ongeveer 26 jaar oud en kon wel (en het ook) weer getrou.

Elsje Gerrits se seun Hermanus, by Hermanus Pietersen, is gedoop op 24 Mei 1739. As Elsje dieselfde persoon as Anna Elizabeth Gerrits was, was sy al 40 jaar oud by die kind se geboorte. Dit is onwaarskynlik dat sy geen man in haar lewe sou gehad het vanaf 26-jarige ouderdom tot op 40 nie.

Anna Maria Pieterse by Willem Hendrikse sou haar tweede kind wees en is gedoop op 17/12/1747. Toe moes sy dus al 48 jaar oud gewees het. Dit is ook onwaarskynlik.

Anna Elisabeth Gerrits en haar tweede man Claas Leckerwijn het 'n kind gedoop op dieselfde dag, dit wil sê ses maande na die doop van Hermanus, hierbo. Die inskrywing lees:

Stellenbosch, bl. 25, 1739, Novembr 15 Adriaan de Vader Claas Lekkerwijn de Moeder Anna Gerritsz Getuijgen Dirk Lekkerwijn

Omdat sy verder nog twee kinders met hom doop in 1743 en 1747 is dit baie onwaarskynlik dat sy in ooreenstemmende jare, 1739 en 1747, 'n kind doop met Hermanus Pietersen en met Willem Hendrikse onderskeidelik.

Elsje se laaste man, Jantje Peters, is gedoop op 4/11/1703. As sy vrou Anna Elizabeth Gerrits was, was haar man 4 jaar jonger as sy. Dit mag ook nie reg lyk nie

maar dit is wel moontlik. Dit was nie ongewoon vir 'n jong man om met 'n ouer vrou te trou nie, veral nie een met eiendom nie want met haar dood sou hy die helfte van haar besittings erf – 'n goeie manier om gou vooruit te kom en dit het wel gebeur.

Haar 5 kinders by Jantje Peters, is gebore tussen 1750 en 1763. Dan moes Elsje die eerste een gehad het op ouderdom 51 en die laaste een op ouderdom 64. Dit is baie onwaarskynlik.

Soos reeds genoem sterf Heinrich Weyers in 1725. Hy kon dus nie dieselfde persoon as Willem Hendrikse wees wat by Elsje Gerrits 'n kind, Anna Maria Pieterse, gedoop 17/12/1747, verwek het nie. Dit is onmoontlik.

Hieruit is dit duidelik dat Anna Elizabeth Gerrits en Elsje Gerrits nie dieselfde persoon kan wees nie. Eersgenoemde is gebore in 1699 en laasgenoemde waarskynlik eerder 'n geslag later, ongeveer 1720.

Nog minder kan Heinrich Weyers/Weyer Hendriks en Willem Hendrikse dieselfde persoon wees. Eersgenoemde was al dood toe laasgenoemde by Elsje Gerrits 'n kind verwek het.

Anna Elizabeth Weyers is eerder Elsje Gerrits

Anna Elizabeth Gerrits en Heinrich Weyers het vier dogters gehad. Die tweede dogter is Anna Elizabeth Weyers gedoop 16/11/1721. As sy (soos haar ma en haar ouma) ook "Elsje" genoem was, was sy moontlik bekend as Elsje Weyers. As sy op dieselfde naam as haar ma genoem was kon sy, net soos haar ma, ook Elsje Gerrits genoem gewees het.

Dit is bekend dat Elsje Gerrits verbintnisse met drie mans gehad; Hermanus Pietersen, Willem Hendrikse en Jantje Pietersen/Peters. In ongeveer 1738 het sy 'n seun, Hermanus (gedoop 24/5/1739), van Hermanus Pietersen. In 1747 word haar kind, Anna Maria Pieterse (gedoop 17/12/1747) wat later trou met Johannes Martin Els, gebore. Soos reeds genoem is die vader van dié kind Willem Hendrikse.

Sy is egter waarskynlik ook die Elsje Gerrits by wie Andreas Kock van Brunswick (Braunschweig), Duitsland 'n buite-egtelike dogter, Sophia, het in 1743²¹. Die volgende is die doopinskrywing:



Dit lees:

Sophia (onecht) de gezegde vader Andries Cock, die moeder en getuige Elsie Gerritse.

Let daarop dat die moeder self staan as getuie by die doop van die buite-egtelike kind, net soos wat Elsje Gerrits doen by die doop van haar eersgenoemde twee buite-egtelike kinders, Anna Maria Pieterse in 1747 en Jan Christoffel Pieterse in 1749 (kyk tabel hieronder).

Inaggenome die 8 jaar tydverloop tussen Elsje Gerrits se twee kinders by Hermanus Gerrits en Willem Hendrikse, is 'n kind tussenin heeltemal moontlik. So, sy kon die moeder van Sophia Kock gewees het. Dan was sy by vier mans betrokke.

In ongeveer 1749 word haar laaste buite-egtelike kind, Jan Christoffel Pieterse (gedoop 16/8/1750), kind van Jantje Peters, gebore voordat sy in ongeveer 1752 met Jantje trou. Hy is die seun van Andreas Peters van Lübeck, Duitsland en Christina van die Kaap en dus self van slawe-herkoms. Jantje Peters word as 'n "Vryswart" beskryf op sy eerste vrou, Helena van die Caap se Inventaris (MOOC8/6/.47a).

Na hulle huwelik het Jantje Peters en Elsje Gerrits nog 'n verdere vier kinders. Uit die dope van al Elsje Gerrits se kinders (waarvan die laaste vyf by Jantje Peters) kom daar 'n onmiskenbare verband te vore tussen Elsje Gerrits en Anna Elizabeth Weyers, die dogter van Anna Elizabeth Gerrits en Heinrich Weyers. Dit blyk veral uit die doopgetuies. Die dope is soos volg aangeteken:

DATUM, PLEK EN VERW.	KIND	OUERS	GETUIES EN (OPMERKINGS)
24/05/1739 Stellenbosch VC 633. Bl. 23	Hermannus	Hermannus Pietersz en Elsje Gerritsz	Hendrik Helm en Elsje Speldenberg (ouma van Anna Elizabeth Weyers). (Arriaanje Gabrielse se 2e huwelik (3e verhouding) was met Conrad Helm. Hulle seun, Hendrik Helm en Elsje Speldenberg was dus stiefbroer en –suster; albei kinders van Arriaanje.
17/12/1747 Stellenbosch VC 633.BI.51	Anna Maria	Willem Hendrikse en Elsje Gerritse	Dirk Leckerwijn en Elsje Gertsen (lg. is die moeder self, nie haar moeder, die kind se ouma nie; sy was reeds oorlede. (Kyk Nota 1 hieronder). (Anna Elizabeth Weyers se moeder, Anna Elizabeth Gerrits, trou na die dood van haar man, Heinrich Weyers, met Claas Leckerwijn. Sy broer, Dirk, was dus haar swaer)
16/8/1750 Kaapstad VC 606. Bl. 60	Jan Christoffel (oneght)	Jan Pietersz en Elsje Gerritsz	Jan Christoffelsz en het kindts moeder (Kyk Nota 2 hieronder) (Dié Jan Christoffelsz is bepaald Jan Christoffel Esterhuyzen, gedoop 8/4/1731 (x Johanna Magrietha Leckerwijn, d.v. Anna Elizabeth Gerrits en Claas Leckerwijn) d.w.s. Anna Elizabeth Weyers se swaer; haar stiefsuster se man).

2/2/1755 Stellenbosch VC 633, Bl. 79	Johanna Angenieta	Jan Pieterse en Elsie Gertse	Jacob Schreuder en Johanna Angenieta (na wie die kind waarskynlik vernoem word) (hulle is Jantje Peters se suster en haar man).
25/12/1758 Stellenbosch VC.633, p.89	Christoffel Andries	Jan Pieterse van Liebeek en Elsie Gertsen	Christoffel Huijski en Adriana Weyers (Anna Elizabeth Weyers se suster en haar man)
7/9/1760 Tulbagh VC 657 Bl. 50	Hester	Johannes Pieter van Lübeck en Elsje Gertze	Andries du Preez en Hester Fourie (Andries du Preez gedoop 8/11/1733 se vrou was Hester maar sy was Hester Ferreira; dalk is dit net 'n skryffout?)
4/6/1763 Stellenbosch VC 633, Bl. 111	Marthinus	Jan Pieterse van Lübeck en Elsie Speldenbergh	Jan Martin Els en Anna Maria Pieterse (Dié paartjie was pas getroud (op 8/5/1763). Anna Maria Pieterse is Elsje Gerrits se oudste dogter by Hendrik Willemse. (Tensy Elsje Gerrits hier "Elsie Speldenberg" genoem word is dié getuie Elsje Speldenberg, die ouma van Anna Elizabeth Weyers en tree sy moontlik as doopmoeder op omdat Elsje Gerrits dalk gesterf het met die geboorte van hierdie kind. Haar ma, Anna Elizabeth Gerrits, was reeds dood. Haar ouma, Elsie Speldenberg, het dus as doopmoeder ingestaan)


Nota 1: Anna Elizabeth Gerrits was reeds voor April 1747 oorlede soos blyk uit die doopinskrywing van haar en Claas Leckerwijn se dogter, Susanna:

*Drakenstein doopregister, Kaapse argief VC 645, 1746 – 1775 bl. 5, 1747, 1 April:
Susanna
De Vader Claas Lekkerwijn (overleden)
De Moeder Johanna Gerrits (overleden)
De Getuijgen Andries van Wald en Johanna Wyers (Anna Elizabeth Weyers se swaer en suster).*

Let daarop dat sy by hierdie doop "Johanna Gerrits" genoem word; so ook by die doop van hulle dogter Johanna Margaretha. Tydens haar troue met Claas Leckerwijn en by die doop van hulle seun Adriaan word sy egter "Anna Gerrits" genoem.

Daar is heelwat voorbeelde uit die destydse rekords waar die name "Anna" en "Johanna" om die beurt vir dieselfde persoon gebruik word asof eersgenoemde 'n afkorting van laasgenoemde is.

Nota 2: Die doop-inskrywing lees werklik “het kindts moeder”, soos blyk uit dié uittreksel:



‘n Maand na die doop van Elsje en Jantje se tweede laaste kind, Hester, hierbo word die volgende kind gedoop:

4/10/1760 Tulbagh VC 657 Bl. 50	Johanna Sophia	Christiaan Godlieb Lessing en Johanna Weijers	Christoffel Huijske en Adriana Weijers. Dit is Johanna Weyers en Anna Elizabeth Weyers se suster en haar man.
---------------------------------------	-------------------	--	---

(Inligting verskaf deur Dr. Edwin Conroy)

Uit bogenoemde is daar so ‘n duidelike verband tussen Elsje Gerrits en Anna Elizabeth Weyers se familie dat dit voorkom asof hierdie Beyers familie inderdaad die familie van Elsje Gerrits (gebore ongeveer 1720) is. Daarvan kan afgelei word dat sy niemand anders is nie as Anna Elizabeth Weyers (gedoop 16/11/1721).

Geen rekord kon gevind word van ‘n huwelik of die geboorte of doop van enige kinders, of die dood van ‘n vrou wat bekend was as “Anna Elizabeth Weyers” nie. Na haar doop verdwyn sy uit die rekords. Elsje Gerrits, daarenteen, verskyn weer op die toneel sonder enige rekord van haar herkoms.

Anna Elizabeth Weyers se pa, Heinrich Weyers, is dood toe sy maar drie jaar oud was. Haar ma, Anna Elizabeth (Elsje) Gerrits en seker ook haar ouma, Elsje Speldenberg, moes leidende rolle in haar lewe gespeel het. Sy het waarskynlik nooit die van of patroniem Weyers gebruik nie maar het geleef, getrou, kinders gedoop en is aangeteken as Elsje Gerrits, dieselfde naam as dié van haar ma.

Wat moeilik is om te begryp en met bogenoemde te versoen is die feit dat haar twee jonger susters, Johanna (gebore 1724) en Adriana (gebore ongeveer 1725) wel onder die van (of patroniem) Weyers bekend gestaan het. Eersgenoemde was getroud met die van der Walt stamvader, Geele Andries van der Walt en later met Christiaan Godlieb Lessing. Johanna en Geele se huwelik-inskrywing in die Stellenbosch Register, bl. 29, lees byvoorbeeld:

1742, Novembr. 16

Geele Andriesse van der Wald, Quartier-meester in dienst der E. Compagnie jongman met Johanna Weijers van Cabo de Goede Hoop jonge dogter

Adriana is getroud met Johannes Martin Schwebler en later met Christoffel Huyske. By die huwelike en by dope is sy altyd aangeteken as Adriana Weyers.

Dit sê egter nie dat hulle suster, Elsje, nie onder 'n ander noemnaam as "Anna Weyers" bekend kon wees nie. Mense word dikwels op hulle tweede naam of 'n noemnaam of bynaam genoem. Daar is ook baie voorbeelde waar mense onder meer as een naam of skryfwyse aangeteken was. Kyk, byvoorbeeld, net na die variasies by die name wat hierin bespreek word:

Catharina / K/Catrijn van Malabar/Bengale/de K/Cust Cor(o)mandel
Cornelis Claasz/Claa/es(s)en / Kees de Boer
Ar(r)iaantj(i)e van Cat(h)ry/ijn / Adriana/Annetjie Gabriels(e)/Claa/es(s)en
Hendrik Spel(d)enberg(h)/burg(h)
Elsje Speldenberg(h)/burg(h) / Pijl/Pyl
Caspar/er Gerrits(z)
Elsje/Elsie Gerrits(z)/Gertse(n)
Heinrich/Hendrik Weijer(s)/Weyer(s)/ Wier/Weijer / Weyer Hendriks(z)
Johannes/Jan(tje) Peters / Pietersen

Dat Elsje Gerrits se tweede naam wel Elizabeth was blyk uit 'n kennisgewing wat lank na haar dood in die "South African Commercial Advertiser" van 18/8/1830 verskyn het. Daar word word sy genoem Elsje **Elizabeth** Gerritzen, weduwee van Johannes Pietersen. Die kennisgewing lees²²:

"August 12, 1830


The following major Heirs, in Estates under the administration of the Board of Orphan Masters, are hereby informed, that the Sums due to them, as expressed opposite to their respective names, are payable at this Office:

<i>PIETERSEN, Elsje Elizabeth GERRITSEN, widow of Johannes</i>	<i>105 23</i>
<i>Johs. dr., the children of the late Anna Maria</i>	<i>37 25</i>
<i>Johanna Agnita, married to Philip RAHT</i>	<i>2 41</i>
<i>Wilhelmina Johanna</i>	<i>0 04'</i>

(Die nota "Johs. dr." bedoel "Johannes (Martin Els) se dogters"; "Anna Maria" (Pieterse) is sy vrou, dogter van Jantje Peters en Elsje Gerrits; "Johanna Agnita" is Johanna Angenieta Pietersz, Jantje Peters en Elsje Gerrits se oudste dogter; "Wilhelmina Johanna" kan wees Elsje Gerrits se kleinkind, Johanna Wilhelmina Pietersen, dogter van Herman Johannes Pietersen, seun van Hermanus Pietersen, Elsje Gerrits se eerste kind met Hermanus Pietersen.

Alhoewel hierdie kennisgewing lank na die dood van Elsje Gerrits en Anna Maria Pieterse geplaas was - gerig op potensiele eisers uit hulle nageslag - laat die verwysing na Elsje Gerrits as "widow" teenoor die verwysing na Anna Maria as "the late" die vermoede ontstaan dat Elsje Gerrits nog kon geleef het met die dood van Anna Maria Pieterse in 1779. Sy sou dan ongeveer 58 jaar oud gewees het, wat moontlik is. Aan die ander kant kan dit bloot wees dat na Anna Maria verwys word as "the late" omdat sy voor haar man, Johannes Martin Els, oorlede is (sy was dus nooit "the Widow" nie) terwyl haar moeder Elsje Gerrits haar man, Jantje Peters, oorleef het en dus wel gesterf het as "the widow".

Indien Elsje Gerrits en Anna Elizabeth Weyers inderdaad dieselfde persoon is lyk haar stamboom waarskynlik soos volg:



Anna Maria Pieterse


Elsje Gerrits se dogter, die Els-stammoeder, Anna Maria Pieterse se van kom van haar stiefvader, Johannes (Jantje) Pietersen/Peters, in wie se huis sy bepaald groot geword het van haar kleuter-dae af. Sy was maar ongeveer vyf jaar oud toe haar moeder met Jantje Peters getroud is (en reeds 'n buite-egtelik seun twee jaar voor die troue van hom gehad het). Sy is nie Jantje Peters se eie kind nie maar 'n buite-egtelike dogter van Elsje uit die vorige verhouding met Willem Hendrikse.

Uit bostaande kan afgelei word dat Elsje Gerrits gedoop is "Anna Elizabeth Weyers", die dogter van Heinrich Weyers van Epe (Nederland of Duitsland) en Anna Elizabeth Gerrits. Anna was die dogter van Caspar Gerrits van Nijmegen, Nederland en Elsje

Speldenberg, dogter van Hendrik Speldenberg, ook van Nijmegen en Arriaantje van Cathryn, die dogter van die vrygestelde slaaf, Catharina van Malabar.

Die feit dat die Anna Maria afstam van 'n Europese vader-lyn en die nageslag van 'n voormalige slaaf van Indiese oorsprong, Catharina van Malabar, sou haar "Euro-Indiese" verbintenis verklaar, waarna Prof. H. F. Heese in die artikel in "Die Vaderland" van 23 October 1985 verwys het.

Die stamlyn vanaf Catharina van Malabar tot by Anna Maria Pieterse loop dan waarskynlik soos volg:



Erkenning

Die skrywer bedank in die eerste plek Dr. Edwin Conroy, wie se oortuiging dat Elsje Gerrits en Anna Elizabeth Weyers dieselfde persoon is, die saad was waaruit hierdie artikel gegroei het. Sy navorsing en bydraes was onontbeerlik.

Besondere dank aan Richard Ball wie se kritiese maar opbouende kommentaar op die konsepte van die artikel gehelp het om dit te suiwer van ten minste sommige van die tipiese spekulاسie sonder bewyse wat genealogiese pogings dikwels kenmerk. Die spekulاسie wat nog oorbly is die skrywer se eie aanspreeklikheid.

Dankie ook aan Annelie Els wat bereid was om te help met inligting van doop-inskrywings en ander inligting wat 'n moontlik minder prominente maar baie waardevolle bydrae gelewer het.

Laastens, dankie aan Mansell Upham en Delia Robertson wie se waardevolle bydraes en kommentaar van groot hulp was tydens die finalisering van hierdie artikel.

End-notas

- ¹ Hoge, Dr J; Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, bl. 87
- ² Stellenbosch Doopregister; 17 Desember 1747, bl. 51
- ³ Heese, J A; Die Herkoms van die Afrikaner, 1971, bl. 107
- ⁴ VC 639, Stellenbosch troues, bl. 45
- ⁵ J A Heese en R T J Lombard; Suid-Afrikaanse Geslagregisters, Vol 7; Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, bl. 514
- ⁶ Malabar was 'n voormalige distrik, kortweg "De Cust". Dit verwys na die gebied geleë aan die suid-westelike kus van Indië, die state Mysore en Kerala, tussen die westelike Ghats ('n bergreeks in Suid-Indië) en die Arabiese See. (Bron: Inleiding tot die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop (TANAP); Kompakskyf van Dr. Helena Liebenberg, Kaapstad)
- ⁷ Heese, H F; Groep Sonder Grense; Protea Boekhuis, Pretoria, 2005, bl.100
- ⁸ Claassen, Nic & Gert; The Claas(s)en Family in South Africa; 2001
- ⁹ Böeseken, A; Cape Slave Transactions (bron: SA Stamouers: <http://www.stamouers.com>)
- ¹⁰ Shell, Robert C H; Changing hands. A calendar of bondage in southern Africa, 1550 to 1888; Kompakskyf, Ancestry24: <http://ancestry24.com/>
- ¹¹ Baptismal Register 1665-1695, Cape Town Nederduits Gereformeerde Congregation for the year 1667
- ¹² Böeseken, A; Cape Slave Transactions (bron: SA Stamouers: <http://www.stamouers.com>) en Shell, Robert C H; Changing hands. A calendar of bondage in southern Africa, 1550 to 1888; Kompakskyf, Ancestry24: <http://ancestry24.com/>
- ¹³ Upham, Mansell G; What can't be cured, must be endured... Cape of Good Hope - First Marriages & Baptisms (1652 – 1665):
<http://www.e-family.co.za/remarkablewriting/FirstBaptismsAndMarriages.pdf>
- ¹⁴ NGK (Cape Town) Baptisms 1665-1695 recorded on The First Fifty Year Project:
<http://www.e-family.co.za/ffy/q9/p9254.htm>
- ¹⁵ Jansen Familie-webwerf: <http://www.jansenfamilie.co.uk/>
- ¹⁶ Kaapstad Doopregister 1743-1756 (VC 606) bl. 9, 22 Nov. asook: Heese, H F; Protea Boekhuis; Pretoria, 2005, bl. 151
- ¹⁷ Hanekom webwerf: <http://www.hanekom.org.uk/phppedview/index.php?ctype=gedcom>
en Grobler webwerf:
<http://wc.rootsweb.ancestry.com/cgi-bin/igm.cgi?op=GET&db=:606972&id=I29970707>
- ¹⁶ Heese, J A en Lombard, R T J; Suid-Afrikaanse Geslagregisters Vol. 12; Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, bl. 31
- ¹⁹ Heese, J A en Lombard, R T J Suid-Afrikaanse Geslagregisters Vol 1; Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, bl. 618
- ²⁰ Hoge, Dr J; Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, bl. 459
- ²¹ Hoge, Dr J; Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806; Kock, Andreas (S) Brunswick. So., loaned as farmhand 1737-39. (CJ 1138:2) One illeg. daughter, Sophia (3.11.1743) by Elsje Gerritse
- ²² McLeod Lynn; Supplement to the South African Commercial Advertiser: 18 August 1830 (transcribed from CO53/2 at the National Archives in Kew, London):
<http://www.genealogyworld.net/settlers/correspondence/Orphan%20Chamber%20Document.htm>

Bronne:

1. Baptismal Register 1665-1695, Cape Town Nederduits Gereformeerde Congregation for the year 1667; A A Balkema, Amsterdam
3. Böeseken A; Cape; Cape Slave Transactions; SA Stamouers by: <http://www.stamouers.com>
6. De Wet G C; Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707
7. Heese, H F; Groep Sonder Grense; Protea Boekhuis; Pretoria, 2005
5. Heese, J A; Die Herkoms van die Afrikaner, Kaapstad 1971
10. Heese, J A en Lombard R T J; Suid-Afrikaanse Geslagregisters; Die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.
2. Hoge, J; Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse Families: Verbetering en aanvulling op die Geslacht-Register der oude Kaapsche Familien van C G de Villiers; 1958
9. Hoge, Dr J; Personalalia of the Germans at the Cape, 1652-1806
12. Inleiding tot die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop (TANAP): Kompakskyf van Dr Helena Liebenberg, Kaapstad
8. Kaapse Argiefbewaarplek: Inligting verkry uit boedel- en ander lêers.
- 11 McLeod, Lynn; Supplement to the South African Commercial Advertiser, 18 August 1830; Transcribed from CO53/2 at the National Archives in Kew, London
4. Shell, Robert C H; Changing hands. A calendar of bondage in southern Africa, 1550 to 1888; Kompakskyf, Ancestry24: <http://ancestry24.com/>
- 13 The First Fifty Year Project: <http://www.e-family.co.za/ffy/index.htm>
- 14 Upham, Mansell G; What can't be cured, must be endured... Cape of Good Hope - First Marriages & Baptisms (1652 – 1665)